

Inhoud Preek Hierdie preek wys dat mense van God 'n narsistiese god maak: 'n god wat alles begeer en wil beheer maar wat nie die eienskappe het om God te wees nie. Hierdie afgod gee hulle die Naam Jesus, en maak Jesus só die wip en vanggat om mense in hulle geestelike mag vas te vang. Jesus Christus is God wat doen wat Hy wil. Hy maak ons reg en heilig vir God se liefde sodat Hy as God alles vir alles kan wees, nie om ons spesiaal te maak nie. Wie die Here só vertrou kan weer hom – of haarself wees, en wie hul self is, kan weer hul naaste lief hê soos hul self. Só bevry Jesus Christus ons daarvan om wie ons as mense is en bedoel is om te wees, op te offer vir 'n afgod wat niks vir homself kan doen nie, maar geestelikes gebruik om goddelike mag oor mense te verkry.

Skriflesing 1 Korintheërs 15: 24 – 28; Rom. 12: 1 en 2; Maleagi 1: 6.

Teks 1 Kor. 15: 28 “So sal God alles wees vir alles.

Tema Jesus Christus verlos ons van vandag se afgod wat Jesus genoem word.

1. Ek wil saam met u vanoggend 'n tweede keer stilstaan om uit die Woord van God te kyk na die narsistiese geestelikheid wat vandag oorheersend in die Christelike Kerke wêreldwyd beoefen word. Hierdie narsistiese geestelikheid word beoefen in die Naam van Jesus.

Die trefsin in hul aanslag is soos ons verlede week gesien het, is: “Jy is só spesiaal en besonders vir God dat Hy sy eie Seun Jesus vir jou opgeoffer het” en “Alles wat God in en deur Jesus Christus doen, doen Hy net vir jou omdat jy so spesiaal vir Hom is.”

Wat is hierdie verklaring wat geestelikes aan mense maak: “Jy is só spesiaal vir God?”

Dit is afgodsdienste! Die profeet Hosea beskryf hierdie afgodsdienste 750 jaar voor die geboorte van Christus soos volg in Hosea 5: 1 “Luister hierna priesters! Let op, leiers van Israel! Hierdie oordeelswoord is vir julle bedoel. Julle is die wip in Mispa, die oopgespreide vangnet op Tabor, die diep vanggat in Sittim.”

Predikers wat die kinders van God jag soos jagters wild jag met wippe, vangnette en vanggate! Hulle jag gelowiges om hulle vas te vang binne hul mag, soos wilde diere en voëls in wippe, vangnette en vanggate. Wat is hulle wippe en vanggate? Dit is om te maak asof hulle God se Woord aankondig, en mense wys hoe om in God te glo en God te dien, terwyl dit net 'n wip en vanggat is om mense binne hulle eie geestelike mag vas te vang!

Jesus Christus verlos ons van vandag se afgod wat Jesus genoem word

2. Hierdie aankondiging en verklaring van geestelikes aan mense vandag: “Jy is vir God só spesiaal en besonders dat Hy sy Seun vir jou opgeoffer het”, is die wip en vanggat waarmee hulle gelowiges probeer vasvang in hulle geestelike mag.

Hulle wip en vanggat is 'n narsistiese god! Hulle wil jou vasvang in die mag van 'n narsistiese god!

Kom ons gebruik wat ons vandag sielkundig van narsisme, selfverheerlikende liefde, weet om hierdie wip en vanggat van 'n narsistiese god te kan raaksien! Hierdie god lyk so!

- Hierdie narsistiese god sien alles en almal net volgens sy eie behoeftes en begeertes. Jy is só spesiaal en besonders dat God jou begeer, na jou verlang en graag met jou 'n intiem persoonlike verhouding wil hê! Hierdie verklaring beteken dat jy moet leef en bestaan volgens God se behoeftes en begeertes. Alles wie jy is en wat jy doen, moet God se behoeftes en begeertes bevredig!
- Hierdie narsistiese god is 'n grenslose god! Jy is so spesiaal dat hy sy eie goddelike lewe in en deur alles wie jy is, wil uitleef, en jou eie lewe binne in jou verdring om niks te wees nie.
- Hierdie narsistiese god wil graag 'n bemagtigde leier wees! Jy is so spesiaal dat jy hom as 'n god kan bemagtig om beheer van jou lewe te kry deur die beheer aan hom af te staan, oor te gee en hom in jou lewe in beheer te plaas.
- Hierdie narsistiese god wil dat alles en almal net sy eie dink van homself, sy mag, sy krag en Naam sal herbevestig deur 'n ophef van hom te maak sodat hy homself kan bewonder! Jy is so spesiaal dat jy hierdie god weer veilig en goed oor sy mag, krag en heerlijkheid kan laat voel.

3. U sou gevoel het dat hierdie sinne soos ek dit vir u gestel het, jou deurmekaar maak, want dit klink amper asof dit so moet wees en as jy nie hierdie god aanvaar nie, dan is jy besig om goddeloos te wees!

Dit wip en vanggat wat vir ons in hierdie sin gestel word, is die Naam van God. Omdat God se Naam gebruik word, voel ons as gelowiges dat ons eerbied moet hê en moet luister wat in God se Naam vir ons gesê word.

Dit is wat alle geestelikes van ons weet, en daarom gebruik hulle God se Naam as 'n wip en vanggat! Net soos 'n jagter grond, takke, blare en gras gebruik wat alles reg is en goed is, om die vangplek weg te steek, so gebruik hulle teenoor ons God se Naam!

Jesus Christus verlos ons van vandag se afgod wat Jesus genoem word

Wat se God is hierdie god wat al hierdie spesiale goed met ons wil doen en al hierdie spesiale goed van ons verwag, volgens hierdie geestelike verklarings en aankondigings?

Die toets tussen wie God as God is, en wie sommer net 'n afgod in die Naam van God is, is net soos met narsisme: om alles te wil wees en te verwag sonder uitstaande kenmerke! 'n God wat alles wil wees en eis wat God eis, sonder enige uitstaande kenmerke wat hom God maak, is 'n afgod! Kom ons kyk hoe beskryf Psalm 115 hierdie narsistiese god!

“Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan U Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys. Waarom sou die heidene kan sê: “Waar is julle God nou?” En dit terwyl ons god in die hemel is! Alles wat Hy wil, doen Hy! Wat hulle het, is afgode, van silwer en goud, die werk van mensehande. 'n Mond het hulle, maar praat kan hulle nie, oë het hulle, maar sien kan hulle nie, ore het hulle, maar hoor kan hulle nie, 'n neus het hulle, maar ruik kan hulle nie. Hulle het hande, daarmee kan hulle nie voel nie, hulle voete, daarmee kan hulle nie loop nie. Daar kom geen geluid uit hulle keel nie. Wie hulle maak en op hulle vertrou sal net soos hulle word.

4. Narsistiese gode is gode wat alles begeer, na verhoudings verlang en graag mag en beheer wil hê, vir wie jy so spesiaal moet wees dat jy dit vir hulle waarmaak!

Hierdie is die narsistiese god wat mense begeer en sy lewe deur mense wil leef, mense se beheer van hul lewe wil hê, en wie 'n behoefte het dat van hom 'n ophef gemaak word en bemagtig word met heerlikheid wat aan hom toegedig word. Hulle wil bewonder word sonder dat hulle enige besondere of spesiale eienskappe het. Daarom is jy en moet jy so spesiaal vir afgode wees dat jy hulle begeertes vervul.

- 'n Narsistiese god het 'n mond maar het niks anders self te sê as wat oor hom gesê word nie, 'n keel waaruit niks self kom omdat Hy self nie 'n Woord het om te sê soos Hy wil nie. Daarom moet mense hom met visioene, drome en stemme wat hulle hoor, laat praat.
- 'n Narsistiese god het voete maar kan net wees waar mense hom neersit in hul hart, in hul lewe, in hul werk, maar kan nêrens self heen gaan om te help of in te gryp omdat en soos Hy wil nie.
- 'n Narsistiese god, het oë, maar sien geen sondes raak nie, sien geen nood of behoefte raak nie. Daarom moet hy met die gevoelvolheid en innigheid van mense lewend gemaak word.
- 'n Narsistiese god het 'n neus maar is van niks bewus wat om hom aangaan nie en hy het ore maar hy kan niks hoor wat vir hom gesê word nie. Daarom moet jy met mense wat hom verteenwoordig praat om iets by hom uit te kry

Jesus Christus verlos ons van vandag se afgod wat Jesus genoem word

5. Narsistiese gode is gode wat mense opmaak, afgode wie nie God self is nie. Die heidene het Israel volgens Ps. 115 gespot en gesê hulle het nie 'n god soos hulle nie, want hulle het nie beelde van God soos hulle nie: "waarom sou die heidene kan sê: "Waar is hulle God nou?"

In vandag se taal klink dit so: "Julle kan julle god nie ervaar en beleef soos ons nie, want julle God is onsigbaar en nêrens nie, maar ons kan ons god sigbaar en tasbaar ervaar!"

Psalm 115 antwoord hierdie gespot met God wat nie soos 'n afgod ervaar kan word nie, met die woorde: "God is in die hemel, bedoelende, onsigbaar, alomteenwoordig, oneindig, alwys en almagtig, en daarom doen hy wat hy wil!" Hy is nie 'n god vol begeertes en behoeftes wie spesiale mense kry om hom te bevredig nie. Hy doen wat Hy wil!

Dink u dat mense maak sulke narsistiese gode, gode wat alles begeer en vir jy spesiaal is wanneer jy hulle begeertes waarmaak vir hulle, maar self geen besondere eienskappe van God het nie, met die klip en goud beelde wat hulle maak? Of is die beelde van God net die uitbeelding van wie hulle van God in hulle harte maak, binne in hulle gees?

God word in mense se gees 'n afgod gemaak, nie in voorwerpe waarmee hulle die god wat hulle in hul gees opmaak, uitbeeld nie.

Dit is die wip en vanggat van alle afgodsdienste binne die kerk: Jy moet so spesiaal en besonders wees vir God dat jy sy begeertes en wense en verlangens na mag, lewe, krag, heerlikheid en invloed in die wêreld vir Hom sal waarmaak! Die wip en vanggat is dat wanneer jy dit doen, is jy vasgevang in die mag van 'n afgod!

Luister hoe jag en vang geestelikes vandag mense met geestelike wippe, vangnette en vanggate binne in die mag van 'n afgod vas! "Jy is so spesiaal vir Jesus dat Hy homself vir jou opgeoffer het. Hy begeer met jou 'n verhouding. Hy wil graag sy lewe binne jou kom leef! Hy wil graag die beheer van jou lewe hê! Hy begeer dat jy Hom sal uitbeeld in die wêreld! Hy wil begeer dat jy niks sal wees nie sodat hy alles binne in jou kan wees. Hierdie is 'n Jesus wat mag, aansien en invloed begeer, wat grensloos alles in almal wil wees en bewonder wil word, maar nie self kan doen wat Hy wil nie!"

Wie hulle self spesiaal voel om Jesus só te maak, is in die wip, die vangnet en vanggat vasgevang om só spesiaal te wees dat hulle van Jesus 'n afgod maak! 'n Narsistiese god wat self niks is en niks kan doen wat hy wens en begeer nie!

6. Wat moet jy doen om so spesiaal te wees dat jy van Jesus 'n afgod maak?

Jesus Christus verlos ons van vandag se afgod wat Jesus genoem word

En die antwoord is altyd jy moet jouself, wie jy as mens is en wat jy as mens is, opoffer vir God! Dit is die tipe selfopoffering wat van god 'n afgod maak! Die profeet Miga beskryf hierdie afgodsoffer in hoofstuk 6: 6 – 8 só: “Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na Hom gaan, met jaaroud kalwers? Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tienduisende offers van olie? Moet ek my eersgeborene offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam kom vir my oortreding? Mens die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.”

Spesiale mense maak God spesiaal met die selfopoffering van hul menslikheid. Hoe groter en hoe dieper hierdie tipe selfopoffering, hoe meer spesiaal is jy en hoe meer spesiaal maak jy jou god! Daarom nie ou beeste maar jou jong kalwers, nie een nie maar tienduisende offers, nie jou diere nie, maar jou eerste kind, jou eie self uit jou eie liggaam!

U moet nie dink dit is simboliese taal nie. Die priesters van die Here het regtig vir mense geleer dat die God wat hulle deur sy verbondsliefde uit Egipte gelei het, hulle kinders as offers wil hê, en hulle kinders voor hulle op altare geslag om te wys hoe spesiaal is hulle vir god, en hoe spesiaal maak hulle God om hulle kinders vir hom te slag. In die Naam van God vasgevang in die wip en vanggat van 'n afgod!

Dit is die selfopoffering wat geestelikes vandag as offers vra vir die afgod wat hulle die Naam Jesus gee. Jy is so spesiaal vir God dat jy jou eie ek-moet kruisig en doodmaak, dat jy jouself en jou eie lewe moet opgee, dat jy jou hart vir God as offer moet gee. Jy moet Jesus lewend maak deur Hom binne in jou te laat opstaan, en binne in jou te laat leef. Jy moet Jesus die beheer van jou lewe gee, sodat Hy deur jou beheer mag en invloed in die wêreld kan kry. Jy moet Jesus in en deur jou self uitbeeld sodat Hy sigbaar kan word vir die wêreld! Jy moet met jou innigheid en gevoelvolheid mens van Jesus se liefde bewus maak. Jy moet die kinders wat jy kry aan Jesus opdra en oorgee – want Hyself is niks en kan niks doen wat hy wil nie.

Dit is mos die wip en vanggat!

Jy word vertel hoe spesiaal jy vir god is en hoe Hy spesiaal vir jou alles doen, terwyl Hy eintlik niks self kan doen nie, maar jy hom spesiaal moet maak deur alles wie jy as mens is te moet opoffer sodat hy 'n lewende, teenwoordige en magtige god kan wees. Doen jy dit nie, sit hy net en begeer en wens en verlang en kan niks self doen nie!

Dit is hoe Jesus is as hy 'n afgod is!

Jesus Christus verlos ons van vandag se afgod wat Jesus genoem word

7. Die Here Jesus Christus is nie hierdie afgod wat niks self kan wees en doen nie, en net begeer, wens en verlang dat ons so spesiaal sal wees dat ons hom 'n lewend, teenwoordig en magtige God sal maak deur ons self vir Hom op te offer nie.

Jesus Christus is Here en God, uit Homself, deur Homself en vir Homself. Hy doen wat Hy wil! Dit is hoe Paulus Christus aankondig in Romeine 11: 33 – 36 “O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik is sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee hom raad? Wie bewys hom 'n guns, sodat hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid.”

Wie Jesus Christus is en wat hy doen as Here, doen hy sodat Hy alles vir alles sal wees, volgens 1 Kor. 15: 28. Hy bevestig sy eie mag as God en Hy as God vernietig alle kragte en magte wat Hom nie erken as God soos Hy God uit Homself, deur Homself en vir Homself is nie. Hierdie magte, kragte en gesag wat Christus vernietig is nie kragte en magte waarteen God moet stry en baklei nie. So asof God sukkel om God te wees teenoor bedreigende kragte en magte!

Christus het ons verlos uit die wip, die vangnet en vanggate van die afgode wat mense opmaak. Die wip en vangnet waarin ons van God net nog 'n afgod maak en Hom die eer ontnem wat Hom as God toekom!

Dit is hoe die profeet Maleagi hierdie onttering van God aanspreek: “'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar. As Ek dan vader is, waar is die eer wat My toekom? En as Ek Here is, waar is my eerbied dan? Dit is wat Ek, die Here die Almagtige, vir julle vra, priesters, julle wat My met minagting behandel” (Mal. 1: 6) Om van God 'n god te maak wat alles begeer, alles wens en alles graag wil hê maar dit net kan kry as ons onself vir Hom opoffer sodat Hy god kan wees, is nie hoe ons God aanbid nie. Dit is hoe ons God minag as God!

8. Christus het Homself nie vir ons opgeoffer omdat ons spesiaal is of Hom spesiaal moet maak nie. Hy het self die offer geword wat Hy eis vir ons sonde sodat Hy ons weer mense kan maak wat volgens die profeet Miga Hy reg sal laat geskied, liefde en trou sal bewys, bedagsaam sal lewe voor God. En dit doen Jesus Christus deur ons weer mense te maak wat tot God roep “Ons Vader”, met die vertroue in sy getroue liefde: Hy doen alles sodat Hy ons altyd in sy liefde vir Homself behou.

Hy het Homself gegee sodat ons weer aan Hom die eer sal gee: uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge, Hy is alles vir alles. Hy het alles vir en met my gedoen, dat ek Hom net weer kan vertrou en aanroep as “Ons Vader!” Christus het my verlos van die wip, die vangnet en vanggat dat ek Hom net nog 'n afgod in my lewe maak wat ek moet bemagtig met my hart, my lewe, my beheer, my mag om 'n lewende en teenwoordige god in hierdie wêreld te wees.

Jesus Christus verlos ons van vandag se afgod wat Jesus genoem word

Hy is alles vir My uit homself, deur Homself en tot Homself. Hy doen wat Hy wil en wat Hy wil is om getrou as God in sy liefde vir my te wees. Wie aan God hierdie eer gee deur Hom in Christus hiervoor te vertrou, kan weer hom of haarself wees vir hul naaste!

Ons is bevry om soos die narsistiese Jesus te wees: almal moet my liefhê soos ek myself liefhet. Dit is wat Ps. 115 bedoel: "Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word." Mense maak Jesus 'n narsistiese god, sodat hulle net soos die afgod Jesus kan wees: "almal moet my bewonder en begeertes bevredig om my spesiaal te maak, almal moet my liefhê soos ek myself liefhet."

Christus het ons bevry om weer onself vir God en ons naaste te kan wees. Ons offer nie onself op om God te kan laat wees wie Hy as God is nie, en nog minder offer onself op sodat mense wie so narsisties soos hulle narsistiese afgod Jesus is, ons vir hulle selfverheerliking kan opgebruik nie.

Daarom gee ons onself soos God ons gemaak het om onself as mens te wees – diensbaar aan God en ons naaste. Dit is die wesenlike van ons godsdiens. Die wesenlike van ons godsdiens is nie om onself op te offer vir 'n narsistiese Jesus en sy narsistiese aanhangers nie.

Christus het ons reg en heilig gemaak vir Hom as God, omdat Hy doen wat Hy wil. Daarom kan onself self om te doen wat reg is, om liefde en trou aan ons naaste te bewys en bedagsaam teenoor ons naaste te leef voor God, om ons naaste lief te soos onself! Want God het ons verlos om weer onself vir Hom te wees! Verlos om onself vir 'n afgod vol begeertes en wense wat hyself nie kan vervul nie, op te offer wat mense Jesus noem om vir ons 'n wip en vanggat te maak.

Kom ons trap die wippe en vanggate wat die goddeloses van hierdie wêreld vir ons stel met die Naam Jesus op mis, omdat ons ons Here ken: Hy doen wat Hy wil. Hy is alles vir alles!